IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA Ars. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-02-13

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 175

(Bladsye 8 981 - 9 022)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF HERVAT OP 13 FEBRUARIE 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, ons is nog besig met die vergadering van 26 Augustus 1984. -- Ja.

Hoe het u die vergadering geopen? -- Dit was geopen met ŉ gebed deur die ou man Sam Matlole, beskuldigde nr. 17.

Het u self niks gesê voor dit nie? -- Ek het hom versoek om eers te bid.

HOF : U het nie eers vir almal gesê hulle is baie welkom hier nie en u gaan nou beskuldigde nr. 17 vra om te open met gebed? -- Nee, dit het ek nie gesê nie.

MNR. HANEKOM : Het u iets gesê nadat beskuldigde nr. 17 met gebed geopen het? -- Ja, ek het.

Wat het u gesê? -- Ek het aan die gehoor daar gesê dat ons vergaderings gehad het in Gebied 3 waar ons gepraat oor die probleme van Gebied 3 wat betrekking het op die gemeenskap daar sowel as ander dinge wat ook gepla het in die gemeenskap. Ek het toe verder aan die gehoor gesê dat ons besluit het dat daar ŉ komitee gestig moet word wat namens die mense van Gebied 3 sal moet hanteer. Ek het toe verder gesê dat om daardie rede ons besluit het ons bymekaar moet kom by hierdie vergadering. Ek het verder verduidelik dat die rede hoekom ons daar bymekaar moes gekom het en daar in groot getalle moet wees, was sodat ons kan verneem van hierdie gemeenskap wat hulle gevoelens is aangaande die verhoging van huurgelde.

Het u vir die vergadering gesê watter prosedure gevolg sal word in die vergadering? -- Ja, wat ek aan die gehoor daar gesê het was dat ons gaan eers die kwessie van die

huurgelde/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

huurgelde bespreek. Na dit sal ons dan met die verkiesing van Gebied 3 begin.

Hoekom het u vir beskuldigde nr. 17 gevra om die vergadering met ŉ gebed te open? -- Ek het hom versoek en hom gevra dat hy dit met ŉ gebed moet open want hy was ŉ ouerige persoon gewees en ŉ persoon wat mense eer, dit wil sê die gemeenskap eer hom as ŉ mens. Om daardie rede het ek hom versoek.

In u hoofgetuienis het u getuig dat u eers die vergadering geopen het met ŉ paar woorde en toe vir beskuldigde nr. 17 gevra het om te bid. Volume 170 op bladsy 8 756 tot 7. Stem u saam daarmee? Ek sal aan u lees wat u in u hoofgetuienis gesê het. Op bladsy 8 756. Mnr. Bizos vra vir u "Let us start with what in fact happened at the meeting. Did you open the meeting? - Yes, I did." "What did you say? - What I said was to the people there, the audience, that we held some meetings, that is the house meetings in Zone 3 at which meetings we looked into our problems as residents of that zone." Dan gaan u aan en sê wat u nog verder gesê het en dan op die volgende bladsy 8 757 reël 16. Daar word u gevra "Before any business was discussed, did you call upon anyone to do anything? - Yes, because of the reason that we were now there together with the Zone 7 people at this meeting I requested Mr Matlole, accused no. 17 to open the meeting for us with a short prayer." -- Ja, ek stem saam met u, dit is net soos u dit daar gestel het volgens wat u lees. Hoekom dit so daar staan is omdat die vraag aan my gestel was wat het jy gesê met die opening van die vergadering. Ek het dus vertel wat ek gesê het in die opening van die vergadering. Dit was na aanleiding van die vraag van mnr. Bizos wat geregverdig was deur my vorige antwoord

op/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

op sy vraag toe hy my gevra het voor julle besigheid begin het, wie het jy gevra, of jy enigiemand gevra het om iets te doen, waarop ek toe gesê het dat ek mnr. Matlole gevra het. Die vrae was op twee maniere gevra. Dit was die manier van stel van die vrae het verskil. Wat ek daarby bedoel het is dat toe die ding van die hele besigheid gevra was, wou ek dit duidelik gemaak het dat voor die hele besigheid begin het, het ek mnr. Matlole gevra om te bid.

Sê dan net vir die Hof wat het presies daar gebeur? Wat sê u nou wat is die volgorde? -- Ek sê ek hom gevra om eers te bid.

En daarna het u die openingswoorde gespreek? -- Ja, dit is so.

Het u gesê wat die prosedure sou wees ten aansien van sprekers? -- Ja, ek het dit duidelik gemaak dat ek die sprekers gaan roep wat as sprekers daar moes optree en dan verder gesê van die gehoor, diegene wat voel dat sy of hy iets te sê het, sal 'n hand moet oplig om toestemming verleen te word om te praat.

Het u gesê of dit tussen die geskeduleerde sprekers moes gebeur of nadat al die amptelike sprekers klaar gepraat het? -- Ek het dit nie breedvoerig aan die gehoor verduidelik nie. Al wat ek gesê het was die een wat graag wil praat sal ek 'n kans gee om te praat. Dus het ek nie breedvoerig aan hulle verduidelik op watter manier hulle sal kan praat nie. Of hulle tussen die sprekers sal praat, al dan nie.

Het enigiemand aangekondig dat aangesien mense van beide Gebiede 3 en 7 daar was, dit nie reg sal wees om 'n voorsitter van enige van die twee gebiede te hê nie en dat die vergadering self 'n neutrale voorsitter moet aanwys? -- Nee,

daar/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

daar was nie so 'n gesprek gewees nie.

Was daar 'n aankondiging dat 'n heeltemal onpartydige voorsitter aangewys is naamlik beskuldigde nr. 6, maar dat hy nie opgedaag het nie? -- Nee, ek is die persoon wat die werk daar begin het, dit wil sê as 'n voorsitter. Ek het nie sulke woorde gebesig nie.

HOF : Het iemand anders dit gesê? -- Nee, niemand anders het sulke woorde daar gebesig nie.

MNR. HANEKOM : In u hoofgetuienis het mnr. Bizos u gelei dat dit 'n stelling was van hom aan Reverend Mahlatsi. Dit was eintlik gestel aan die getuie Masinya op volume 13 bladsy 628 tot 630 en u het gesê dit was 'n inkorrekte stelling. Is dit korrek? -- Ja, ek sê dit nou nog dat dit nie korrek is nie.

Wanneer het jy agtergekom dit is 'n verkeerde stelling? -- Na 'n tyd wat daardie stelling gemaak was, het ek agtergekom dat die stelling nie korrek is nie. Met die gevolg dat ek toe instruksies gegee het, geskrewe instruksies aan mnr. Bizos wat voortgegaan het met ander dinge in sy saak wat hy besig was om te voer. Dit het moontlik gebeur dat dit hom ontgaan het om dit reg te stel.

Weet u wie hierdie inligting wat aan die getuie Masinya gestel is aan die verdediging gegee het? -- Nee, ek kan nie onthou wie daardie instruksies gegee het nie, maar ek het wel probeer om dit reg te stel.

Het u self aan die verdediging instruksies gegee oor hierdie aspek? -- Ja, ek het instruksies aangaande hierdie aspek gegee.

Was dit dieselfde as wat u nou getuig het wat gebeur het? -- Ja, dit is die instruksie wat ek gegee het.

Nadat/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Nadat u agtergekom het die foutiewe stelling is nie reggestel nie, is dit nie die middag na hof in 'n konsultasie weer geopper nie? -- Ek het van so iets gepraat, maar weens die feit dat ons baie instruksies gegee het aan verskillende persone, het dit moontlik gebeur dat dit hom ontgaan het om weer teruggaan daarheen.

Wel, ek stel aan u dat wat inderdaad gebeur het is dat u getuienis nou verander het? -- Nee, dit is nie so nie. Daar het wel miskien 'n fout ingesluip in die instruksies, maar die getuienis bly dieselfde net soos ek dit verduidelik nou hier in die getuiebank.

Ek stel dit aan u dat dit Esau was wat op die vergadering hierdie aankondiging gemaak het? -- Ek stem nie saam nie, want Esau was nie teenwoordig toe die vergadering 'n aanvang geneem het nie. Hy was al weg.

En ek stel dit aan u dat Esau ook verder gegaan het en vir die mense daar gesê het hy gaan na ander vergaderings toe en dan sal hy later terugkom? -- Nee, dit is glad nie so nie. Esau het geen toespraak gemaak in daardie vergadering nie, want hy was net nie teenwoordig toe dit begin het nie.

En ek stel dit ook aan u dat Esau inderdaad van daardie vergadering af vertrek het na ander vergaderings toe? -- Nee, dit is nie so nie. Toe hy vertrek het, was dit voor hierdie vergadering 'n aanvang geneem het en hy het ook nie vir my gesê toe hy weg is daar waarheen hy gaan nie.

U kan nie betwis dat hy na ander vergaderings is nie? -- Of is ek in staat om te erken en sê dat hy na 'n vergadering toe was, want hy het my nie gesê nie.

Die vraag is net, u kan dit nie betwis nie? -- Nee,

ek/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ek beter sê ek weet nie daarvan nie.

Wie was die eerste spreker op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984? -- Die ou man Sam Matlole, beskuldigde nr. 17, was die eerste spreker op hierdie vergadering.

Het u geweet waaroor hy sou praat? -- Ek het hom versoek om aan die gehoor, die hele gemeenskap teenwoordig daar te verduidelik aangaande die VCA. Die rede daarvoor is omdat ek geweet het dat ons daardie dag verkiesings gaan hou vir die VCA.

HOF : Het u dit onderling op die verhoog aan hom gevra of het u ʼn toespraak gehou, hom voorgestel en gesê "Ons vra nou mnr. Matlole om vir ons die VCA te verduidelik"? -- Ek het dit aan hom gesê waar ons twee alleen was. Eintlik het ek hom gevra.

MNR. HANEKOM : Op watter stadium het u dit vir beskuldigde nr. 17 gevra? -- Daar buite na Esau my versoek het dat ek en hy, beskuldigde nr. 17, by die vergadering sal moet voorsit, het ek aan hom, beskuldigde nr. 17, ʼn versoek gerig dat hy die deel sal neem van verduideliking aan die gehoor met betrekking tot hierdie organisasie.

Was sy naam op die lysie as ʼn spreker, beskuldigde nr. 17 s'n? -- Ja, sy naam het op die lys verskyn as ʼn spreker.

Het u toe nie vir hom gevra maar waaroor is hy van plan om te praat voordat u hom gevra het om die onderwerp aan te raak nie? -- Ons het spesifiek daarvan gepraat. Hy sou in sy toespraak gehandel het oor die verhoging van huurgelde.

Het hy toe inderdaad daaroor ook gepraat? -- Ja, hy het. In sy toespraak het hy verduidelik van die VCA en die pligte van die VCA.

Het hy daarop uitgebrei wat se pligte het die VCA

gehad/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gehad? -- Ja, hy het daarop uitgebrei. In die eerste plek het hy daarvan melding gemaak dat dit sy siening was dat hierdie verhoogde huurgelde moeilikheid sal veroorsaak vir die inwoners en toe verder daarop uitgebrei dat die VCA is ŉ organisasie wat namens die inwoners van die Vaal optree. Hy het toe verder gesê dat die VCA ŉ organisasie is wat eintlik namens die inwoners sal praat oor hulle griewe wat hulle het in daardie woonbuurt.

Het hy gesê waar die VCA sou praat oor hulle griewe? -- Ja, hy het gesê die VCA sal dit met mense wat in beheer is van die lokasies gaan bespreek. Hy het toe verder gesê dat hulle gaan nie net handel oor probleme wat betrekking het op die beheer van die lokasies nie, maar hulle gaan verder uitvoer enige ding wat betrekking het op die gemeenskap. Enigiets waaroor die gemeenskap nie tevrede is nie, sal hierdie organisasie mee handel.

Het hy gesê met watter mense in die owerheid, in die beheer van die gebiede hulle sal praat? Met die Administrasieraad of met die raadslede? -- Hy het melding gemaak van die Administrasieraad en die Stadsraad want hulle is die persone wat in beheer is van die lokasies.

Toe u beskuldigde nr. 17 aan die woord gestel het, wat het u vir die gehoor gesê waaroor gaan hy praat? -- Ek en hy het met mekaar daar op die verhoog gepraat. Ek het aan hom gefluister terwyl ons twee daar was. Ek het dit nie aan die gehoor bekend gemaak nie.

HOF : Die vraag is, toe u hom aan die woord stel. Dit beteken voorstel aan die vergadering, wat het u gesê? -- Wat ek gesê het was dat mnr. Matlole ŉ lid van die komitee van Gebied 7 wat eintlik ŉ lid is van die VCA organisasie

sal/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

sal oor VCA verduideklik wat VCA is met ander woorde.

MNR. HANEKOM : Het u gesê dat hy sal praat oor die VCA se suksesse? -- Nee, ek het geen melding daarvan gemaak nie, omdat ek nie eers geweet het wat hulle sukses was in hulle area nie, dit wil sê Gebied 7.

Het beskuldigde nr. 17 in sy toespraak enigsins verwys na suksesse wat die VCA gehad het? -- Ja, hy het.

Wat se suksesse was dit? -- Die volgende was die suksesse waarvan hy melding gemaak het, dat hulle daarin geslaag het om oplossing te vind by ŉ skool in Gebied 7 waar die kinders weggejaag was sonder dat daar enige grondige redes verstrek was. Dit het hulle suksesvol opgelos.

Was daar ander suksesse wat hy genoem het? -- Nee, dit was die enigste een hierdie een waarvan ek nou net gepraat het.

Beskuldigde nr. 10 het getuig toe u beskuldigde nr. 17 aan die woord stel het u hom aan die woord gestel en gesê hy moet praat oor die VCA en die suksesse sedert hulle stigting. Is dit nie die waarheid nie. Bladsy 7 884 volume 160. Ek sal aan u lees reël 12.

HOF : U hoef dit nie voor te lees as dit duidelik is nie.

MNR. HANEKOM : Wat së u daarvan? -- Ek onthou nie dat ek dit gesê het nie.

HOF : Kon u dit moontlik gesê het? -- Ja, dit kan moontlik wees.

MNR. HANEKOM : Hoe strook dit met u antwoord van flussies dat u sê u het dit nie gesê nie, want u self het nie geweet van die suksesse van die VCA nie? -- Weens die feit dat ek kennis gedra het dat hy alreeds ŉ rukkie betrokke was met die VCA, al het ek nie geweet van hulle suksesse in die

tyd/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

tyd wat hy in die VCA was nie, is dit moontlik dat ek dit gesê het.

HOF : Die vraag is, hoe strook dit met u vorige antwoord dat u dit nie gesê het nie, want u het nie eers geweet van hulle suksesse nie? -- Dit is menslik. As ek weet dat ꞌn persoon ꞌn lid is van ꞌn sekere organisasie wat alreeds bestaan het voor die dag van hierdie vergadering waar ek is, sal ek seker aanvaar dat daar sekere dinge gedoen is al weet ek nie of daar enigiets gedoen was nie, maar om hom aan die woord te stel, sal dit nie snaaks wees vir my om melding te maak daarvan dat hy die persoon nou melding maak van hulle suksesse nie. ꞌn Mens moet nie uit die oog verloor dat hulle sekere dinge gedoen het in ꞌn sekere tyd waarvan ek nie bewus was nie. Dus, dit is vir hom om nou te verduidelik wat die suksesse was, indien enige. Dit is nie snaaks vir my om dit te vra nie.

MNR. HANEKOM : Het u beskuldigde nr. 17 voor die tyd toe u gevra het hy moet praat oor die VCA, het u hom ook toe gevra dat hy ꞌn gebed moet doen?

HOF : Sprekende na die vergadering of sprekende met hom persoonlik privaat?

MNR. HANEKOM : Sprekende privaat. Ek sal dit beter stel. Toe u met beskuldigde nr. 17 privaat gepraat het en hom gevra het om oor die VCA te praat, het u ook gevra dat hy die vergadering met ꞌn gebed moet open? -- Daar buite het ons gepraat aangaande die verduideliking aangaande die VCA wat deur hom gedoen moet word. Binne-in die vergadering het ek toe aan hom gesê "Nou kan jy voortgaan en verduidelik oor die VCA." Maar voor hy dit gedoen het, het hy eers gebid omdat ek hom versoek het om eers te bid.

Maar/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Maar die vraag is net, toe u buite die saal of voor die vergadering begin het met hom gepraat het en gesê het hy moet praat oor VCA, het u toe ook vir hom gesê hy moet ook die vergadering met ŉ gebed open? -- Nee, nie daar buite nie. Ek het glad nie met hom oor die gebed daar buite gepraat nie. Dit was binne-in die vergadering waar ek hom versoek het om te bid.

Waarom het u hom nie buite al daaroor genader toe u met hom bespreek het wat hy sou sê in die vergadering nie? -- Beskuldigde nr. 17 is ŉ persoon wat kerk loop in die sin dat die meeste van die tyd hy in kerkdienste is.

HOF : Maar is hy ŉ predikant? -- Hy het ŉ stoel daar in die kerk wat beteken hy is ŉ leier van ŉ aard by die kerk. Ek dink amper hy is ŉ "preacher". Om daardie rede het ek dit nie nodig geag om hom daar buite te vra of hy sal bid nie, want ek was oortuig dat hy geen beswaar sou hê indien ek hom daar binne die vergadering vra om te bid nie.

MNR. HANEKOM : Toe u binne-in die vergadering vir hom gevra het om oor die VCA te praat, het u genoeg tyd gehad om met hom te praat? Daar is niks wat julle gejaag het nie? -- Ja, daar was genoeg tyd gewees.

Gister op ŉ vraag waarom u nie met hom bespreek het mede-voorsitterskap van die vergadering nie, was u antwoord gewees dat u het nie buite tyd gehad om met hom te praat nie? -- Ek erken dat ek wel so gesê het. Alhoewel ek dit erken moet u een ding in gedagte hou, dat toe u gister daardie vraag gevra het, het ons nie gepraat van die gebed nie. Toe u dit gevra het, was al wat in my gedagte was dat ek en hy gepraat het oor die VCA en om ŉ persoon te vra om iets te sê oor ŉ organisasie is ŉ kwessie van twee of drie woorde.

Dit/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Dit is nie ŉ lang gesprek nie. Met die gevolg die tyd wat ek gesê het wat nie daar was nie, was eintlik omdat ek net daardie twee of drie woorde met hom daar gebesig het.

Wat is dan u antwoord? Het u tyd gehad om met hom te praat of het u nie tyd gehad nie? -- Ek het tyd gehad om met hom te praat oor dinge wat ek gesien het as dinge wat op daardie stadium nodig was.

Waarom het u beskuldigde nr. 17 spesifiek gevra om oor die VCA te praat? -- Waarom ek hom gevra het om daaroor te praat, was omdat ons deur Esau versoek was om saam by daardie vergadering voor te sit as voorsitters en ons het geen reëlings vroeër getref oor wat ons gaan doen nie, dit is tussen ons twee. Dus het ek dit goed gesien om hom hierdie kans te gee dat hy maar moet bid.

Die vraag is, waarom het u hom spesifiek gevra om oor die VCA te praat? -- Omdat hy ŉ lid was van VCA in Gebied 7 se komitee.

Waarom het u nie gedink om vir Esau te vra wat vir u gesê het hy gaan net ŉ kort rukkie weg, dan kom hy terug, hy was die vise-voorsitter van die VCA - waarom sou u hom nie vra om oor die VCA te praat nie? -- Aangesien ons alreeds met die werk begin het, dit wil sê met die vergadering begin het terwyl hy nog nie terug was nie, het ek hom toe nie gevra nie. Dit is die rede hoekom ek vir mnr. Matlole gevra het, maar was hy daar teenwoordig gewees, dit is nou Esau, sou ek reeds vir hom gevra het om dit te doen.

Het u op daardie stadium geweet wat beskuldigde nr. 17 se betrokkenheid was met die VCA, hoe aktief hy daarin was? -- Wat ek van hom geweet het destyds was dat hy ŉ lid is van die areakomitee van Gebied 7. Dit is al.

Waarom/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Waarom het u nie iemand wat op die bestuur van VCA was, soos byvoorbeeld beskuldigde nr. 10 gevra om te praat oor VCA nie? -- Wat my betref het ek dit nie so ernstig beskou as 'n verskil tussen hulle nie. Wat my betref het ek aanvaar dat beskuldigde nr. 17 Matlole ook maar dit kan verduidelik.

Is dit vanweë u eie kennis van die VCA? Het u 'n besondere kennis gehad van die VCA op daardie stadium? -- Ek het geen eie kennis gehad aangaande VCA nie, behalwe dat ek teenwoordig was toe die VCA gekies is en ek het ook my goedkeuring daar gegee vir die stigting daarvan.

Wie was die spreker na beskuldigde nr. 17? -- Beskuldigde nr. 10, Bavumile Vilakazi, was die spreker na beskuldigde nr. 17.

Het u self enigiets gesê nadat beskuldigde nr. 17 klaar gepraat het en voordat beskuldigde nr. 10 aan die woord gestel is? -- Behalwe om my dank uit te spreek na hy die toespraak gelewer het, het ek niks verder gesê nie. Ek het na dit beskuldigde nr. 10 geroep.

Hoe het u beskuldigde nr. 10 voorgestel aan die gehoor? -- Ek het hom net voorgestel as mnr. Vilakazi van Gebied 3.

Het u nie vir die gehoor gesê waaroor beskuldigde nr. 10 gaan praat nie? -- Nee, ek het nie aan die gehoor gesê waaroor hy gaan praat nie.

Net voordat ons aangaan met beskuldigde nr. 10. Het beskuldigde nr. 17 in sy toespraak enigiets oor raadslede gesê? -- Nee, hy het niks gesê nie.

Het hy glad nie na raadslede verwys nie? -- Hy het, in die sin dat hy gepraat het van die werk van die VCA, dat die griewe van die gemeenskap deur hulle oorgedra sal word

aan/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

aan die Administrasieraad, die Stadsraad of na die raadslede toe, dit wil sê die Stadsraadslede.

Behalwe dit, het hy enigiets gesê oor Stadsraadslede? -- Nee.

Wat het beskuldigde nr. 10 gedoen toe u hom aan die woord stel? -- Ek het hom geroep as 'n spreker. Toe hy opgestaan het vanwaar hy was, het hy toe begin sing. Die lied wat hy gesing het was "Hlanganani Basebenzi."

Waaroor het beskuldigde nr. 10 gepraat? -- Hy het melding gemaak van mense wat hom genader het by sy woning in Gebied 3 om raad te kom vra aangaande die verhoogde huurgelde. Hy het ook melding daarvan gemaak dat as gevolg daarvan dat die mense hom genader het oor die raad, was daar vergaderings gehou te Gebied 3 waar huurgelde bespreek was, waar daar toe 'n besluit geneem was dat daar 'n komitee gekies gaan word vir Gebied 3. Hy het toe verder gesê hy as 'n verteenwoordiger daar in Gebied 3, dit was sy plig gewees dat hy moet toesien dat 'n komitee in Gebied 3 moet bestaan. Hy het toe verder gesê dat hy nie daarin geslaag het in die verlede om dit te doen, dit wil sê die komitee te laat bestaan nie, want hy kon nie 'n plek kry waar hy 'n vergadering kon gehou het om hierdie te kan uitvoer nie.

Het beskuldigde nr. 10 iets gesê oor raadslede? -- Ja, hy het iets gesê.

Wat het hy gesê? -- Wat hy gesê het was dat hy nie tevrede is oor die verhoging van huurgelde. Hy het toe verder melding daarvan gemaak dat die raadslede het belowe dat die huurgelde wel verhoog sal word, maar nie kort-kort nie en daar is van hulle, dit wil sê tussen die raadslede wat gesê het dat hulle gaan toesien dat die huurgelde

laag/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

laag gehou word. Hy het verder gesê dit is nou die beloftes wat hulle gemaak het toe hulle destyds besig was met die "campaign" vir hulle verkiesings. Selfs die mense het ook gesê dat indien hulle dit vind dat hulle nie goed werk met die gemeenskap nie, dan sal dit vir hulle, die raadslede, nodig wees om te bedank as raadslede. Terwyl hy daarvan gepraat het, het hy 'n voorbeeld gemaak van raadslede van Ratanda wat bedank het op versoek van die gemeenskap aangesien hulle nie die beloftes kon voltooi soos hulle dit belowe het tydens die verkiesings nie. Hy het toe verder in sy toespraak 'n beroep gedoen op hierdie gemeenskap dat aangesien ons raadslede ook nie nou daarin kan slaag om wat hulle die gemeenskap belowe het uit te voer nie, sal dit raadsaam wees dat hulle, die raadslede, moet bedank.

Het hy gesê waarom die raadslede nie hulle werk kan uitvoer nie? -- Ek kan nie meer onthou presies wat hy gesê het toe hy dit breedvoerig bespreek het nie, behalwe dat hy melding gemaak het hiervan dat ter ondersteuning van wat hy sê noem hy die volgende voorbeelde dat die raadslede het belowe dat die huurgelde laag gehou sal word en dit sal nie kort-kort verhoog word nie, maar dit gebeur presies net die teenoorgestelde. Dit is hoekom hy die beroep gedoen het.

Het hy na die raadslede verwys as "puppets"? -- Ek kan nie onthou dat hy daardie woord gebruik het nie.

Het hy gesê die rede waarom hulle nie hulle werk kan doen nie is omdat hulle nie besluite kon neem nie? -- Ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Het hy gesê hoe die mense dit sal regkry dat die raadslede bedank? Wat gedoen sal word om hulle te laat bedank? -- Nee, nie op daardie stadium nie. Hy het geen melding

gemaak/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gemaak wat die mense sal moet doen om die raadslede te laat bedank nie.

HOF : Op watter stadium het hy dit dan wel gedoen? -- Hy het op geen stadium dit gesê nie. Toe ek gepraat het van nie op daardie stadium nie, het ek bedoel dat in sy toespraak het hy dit nie gesê nie.

MNR. HANEKOM : Het hy nie daarvan gepraat dat raadslede se besigheide geboikot sal moet word om hulle te laat bedank nie? -- Ek kan nie so onthou nie.

Het hy gesê wie die raadslede gaan maak om te bedank? -- Wie sal maak dat hulle moet bedank?

HOF : Die vraag is of hy so iets gesê het? -- Nee, ek het hom nie gehoor iets soos dit sê nie.

MNR. HANEKOM : Het sy beroep dat raadslede moet bedank vir u sin gemaak met beskuldigde nr. 17 wat net voor hom gepraat het en gesê het die werk van die VCA sal wees om met die raadslede te gaan praat oor die mense se griewe? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

U getuienis was beskuldigde nr. 17 het net voor beskuldigde nr. 10 gepraat en gesê die werk van die VCA is onder andere om die mense se griewe met die raadslede te bespreek? -- Dit is so, dit is wat ek gesê het.

En nou kom beskuldigde nr. 10 en hy maak ʼn beroep op die raadslede om te bedank? -- By hierdie vergadering het ons daar vergader met die oog daarop om die huurgelde te bespreek, dit is die verhoging van huurgelde, ook die probleme wat ons ondervind tussen ons as ʼn gemeenskap in die lokasies. Op daardie manier dan, die doel van hierdie vergadering was dat elkeen teenwoordig daar kan sy of haar grief of probleem openbaar, sodat met die sluiting van die vergadering

na/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

na die vergadering dat daar besluite geneem kan word oor wat gesê was.

Hoe het u gevoel oor die twee toesprake? Het dit vir u gelyk of daar ȟ botsing is tussen die twee sprekers? -- Nie by my nie. Dit het nie vir my so voorgekom asof hulle met mekaar bots nie.

Het beskuldigde nr. 10 ȟ beroep gedoen op die mense dat hulle moet ȟ beroep doen op die raadslede om te bedank, al die mense in die gemeenskap moet ȟ beroep doen op die raadslede om te bedank? -- Nee, nie hy nie. Hy het nie daardie beroep gedoen nie.

Beskuldigde nr. 10 het so getuig in volume 160 op bladsy 7 887. Hy het getuig dat hy vir die mense gesê het dit is vir hulle om ȟ beroep te doen op die raadslede om te bedank? -- Nee, ek het nie so ȟ gesprek gehoor nie. Dit wil sê van die toespraak van beskuldigde nr. 17 nie.

Beskuldigde nr. 10? -- Nee, man, het ek dan nie verstaan dat u sê beskuldigde nr. 10 sê in sy getuienis dat beskuldigde nr. 17 hierdie beroep gemaak het nie?

Waarom verstaan u nie die vraag nie? Dit was ȟ eenvoudige vraag. Ek het aan u gevra beskuldigde nr. 10 het getuig ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, I was not concentrating, I am sorry, but My Learned Friend Mr Tip says that actually by mistake the interpreter mentioned 17. I do not know whether it is ... (Court intervenes)

COURT : I was concentrating and I did not hear it. We will repeat the question. Die stelling aan u was het beskuldigde nr. 10 nie ȟ beroep gedoen op die mense, die vergadering, om ȟ beroep te doen op die raadslede om te bedank nie?

Die/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Die vraag is dus het beskuldigde nr. 10 direk gesê die raadslede moet bedank of het hy vir die gehoor gesê julle moet die raadslede vra om te bedank? -- Hy het 'n beroep gemaak op die gemeenskap dat die raadslede moet bedank.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 10 melding gemaak van raadslede wat nie met die gemeenskap kan konsulteer nie? --

HOF : Wat was die vraag konsulteer of assosieer?

MNR. HANEKOM : Konsulteer.

HOF : Met raadslede?

MNR. HANEKOM : Ja.

MNR. BIZOS : Ek dink die vraag was of raadslede met die mense konsulteer. Ek dink dit is wat die vraag was.

MNR. HANEKOM : Dit is reg. -- Ja, hy het so gesê.

Wat het hy in daardie verband gesê? -- Wat hy gesê het in daardie verband was dat as hulle besluite gaan neem om die huurgelde te verhoog, bespreek hulle dit nie eers met die gemeenskap voor hulle dit doen nie.

Wie het gepraat na beskuldigde nr. 10? -- Ek wil nie myself verbind en sê presies wie het agter wie gepraat in daardie volgorde nie, maar ek sal my bes probeer, sover ek kan onthou wie almal daar gepraat het. Wat ek wel onthou is dat mev. Rina Mokoena gepraat het.

Goed, ons sal haar behandel. Nadat beskuldigde nr. 10 klaar gepraat het, het u enigiets gepraat? -- Wat gebeur het is nadat elke spreker sy toespraak gelewer het, het ek altyd ook iets te sê gehad oor die toespraak wat die spreker wat ek aan die gehoor oorgedra het in dieselfde trant as die persoon wat vroeër gepraat het. Dan het ek die gehoor uitgedaag en gesê "Na julle dit goed gedink het en goed oorweeg het wat hierdie spreker gesê het en julle oor iets anders

dink/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

dink wat julle wil sê, kan jy altyd jou hand oplig om ŉ kans verleen te word om iets te sê net soos jy dit goed dink aangaande die toespraak."

Was mev. Rina Mokoena se naam op die lys van sprekers? -- Ja, haar naam het verskyn op die lys van die sprekers.

Het u haar geken op daardie stadium? -- Nee, ek het haar nie op daardie stadium geken nie.

Na u die gehoor uitgenooi het om hulle mening te lug na beskuldigde nr. 10 se toespraak, het enige persoon dit gedoen? -- Nee.

Waar was mev. Mokoena toe u haar roep om te praat? --
K535 Ek weet nie waar sy was nie.

Was sy op die verhoog of in die gehoor? -- Sy het daar verskyn in die nabyheid van die verhoog, tussen die verhoog en die gehoor. Ek kan nie presies sê of sy van die verhoog af gekom het of van die gehoor se kant af nie.

Het sy nie by die saal ingekom toe u haar vra om te praat nie? -- Mev. Mokoena was nie aan my bekend nie. Ek het haar naam geroep dat sy moet praat en rondgekyk van watter rigting sy sou kom. ŉ Rukkie het ek rondgekyk en ek het niks met haar gepraat voordat sy kom praat het nie.

Van waar af het sy gekom? -- Ek sê sy het iewers uitgekom in die nabyheid van die verhoog en die gehoor. Of sy nou op die verhoog was vroeër of tussen die gehoor daar, weet ek nie.

Hoe het u haar voorgestel? -- Ek het haar voorgestel as mev. Mokoena.

Het u geweet waaroor sy sou praat? -- Ek het geweet dat sy oor die huurgelde kom praat.

Hoe het u dit geweet? -- Hierdie vergadering was

bedoel/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

bedoel vir die bespreking van huurgelde sowel as die ander probleme wat bestaan het destyds in die gemeenskap van die lokasies in die Vaal.

Hoe het u geweet sy gaan oor huur kom praat? -- Dit is omdat dit eintlik die onderwerp was wat in daardie vergadering bespreek was.

Het sy toe oor huur gepraat? -- Ja, sy het.

Het sy oor enigiets anders gepraat as die huurverhogings? -- Ja. Sy het dit aan die vroumense gesê, sy het hulle aangemoedig om die manspersone behulpsaam te wees aangaande die huurgelde.

Het sy nog iets gesê wat nie verband hou met huur nie? -- Ja, sy het vroumense aangemoedig om aan te sluit by die vrouevereniging van die Vaal.

Het sy gesê watter vereniging dit is? -- Ja, sy het gesê dit is die Vaal Women's Organisation.

Waarom het u nie in u hoofgetuienis vir die Hof gesê dat sy ook oor hierdie aspek gepraat het nie, oor die aansluiting by VOW?

HOF : Het hy nie daarvan melding gemaak nie?

MNR. HANEKOM : Dit is volume 170 op bladsy 8 763. -- Ek was onder die indruk gewees dat ek daarvan melding gemaak het.

Wel, ek stel dit aan u u het nie daarvan melding gemaak nie? -- Ek sal dit nie betwis nie.

Die vraag is hoekom het u dit nie genoem nie? -- Ek sal sê sover ek kan onthou het ek so getuig.

Het ene mev. Matsaneng op die vergadering gepraat? -- Sy het gevra om kans gebied te word sodat sy kan praat.

Ek is jammer, net voordat ons met haar handel. Het mev. Mokoena enigiets gesê oor raadslede in haar toespraak?

Nee/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Nee, nie wat ek gehoor het nie.

Het u weer die gehoor toegespreek nadat mev. Mokoena gepraat het? -- Nee, ek het nie.

Het daar enigiets gebeur nadat mev. Mokoena gepraat het? -- Ek volg nie die vraag nie? Enigiets soos wat?

Het daar enigiets gebeur? Het daar enigiets gebeur behalwe dat u die volgende spreker geleentheid gegee het om te praat? -- Nee, nou verstaan ek nie hierdie soort van ŉ vraag nie.

HOF : Wel, die vraag is maklik. Tussen mev. Mokoena en mev. Matsaneng, het daar enigsins iets noemenswaardig gebeur? -- Nee, ek kan nie van iets onthou wat gebeur het nie. As daar iets gebeur het, sal ek aanvaar dat dit nie iets belangrik was vir my nie.

MNR. HANEKOM : Het alles net normaal aangegaan? Daar het niks snaaks gebeur nie?

HOF : Snaaks of eienaardig? Of buitengewoon? Daar is baie beter woorde as snaaks. Veral as ŉ mens nie snaaks bedoel nie of probeer snaaks wees nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal dan eienaardig kies. Het daar enigiets eienaardig gebeur? -- Ja, wat ek ŉ bietjie kan onthou is toe Masinya opgestaan het daar om te praat, maar dit het gebeur na mev. Matsaneng gepraat het.

Hoewel u nie die volgorde van sprekers kan onthou nie, kan u onthou of mev. Matsaneng net na mev. Mokoena gepraat het? -- Dit is hoe ek dit onthou dat sy daar gepraat het na mev. Mokoena.

Het u haar geken, vir mev. Matsaneng? -- Nee, ek het haar nie geken nie.

Hoe het dit gekom dat sy ŉ toespraak maak? -- Sy het

gevra/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gevra dat sy toegelaat moet word om ŉ toespraak te maak of om iets te sê.

Op watter stadium het sy dit gesê? -- Nee, nou verstaan ek nie die vraag nie.

HOF : Het sy gevra na Rina Mokoena gepraat het of voor die tyd of wanneer? -- Na mev. Mokoena klaar gepraat het, het sy toe gevra om die kans gegee te word.

MNR. HANEKOM : Het sy vir die gehoor gesê dat sy namens enige organisasie praat? -- Nee, sy het nie so gesê dat sy namens ŉ organisasie praat nie.

Is u seker daarvan? -- Ja, ek is seker.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat sy gesê het sy praat namens VOW? Dit is volume 161 op bladsy 7 899.

HOF : Het u enige kommentaar daarop? -- Mag dit miskien aan my gelees word?

"In introducing herself Mrs Matsaneng told the audience that she was speaking as a member of VOW." -- Nee, dit is nie woorde wat ek opgelet het dat ek kan sê ek het dit gehoor nie.

MNR. HANEKOM : Kon dit moontlik wees? -- Ja, dit kan wees dat dit so is.

Met ander woorde, toe u vroeër vir die Hof gesê het u is seker sy het dit nie gesê nie, het u ŉ fout gemaak? -- Ek het daarop gesê dit is hoe ek dit onthou.

HOF : Ek dink nie jy het dit gesê nie. Hierdie is een van die weinige kere wat jy positief seker was. -- Mag ek dit aan die Hof verduidelik wat ek sê. Ek sê ek kan nie onthou dat sy gesê het dat sy namens VOW praat nie. As ek sê ek kan dit nie betwis nie, is dit as gevolg van haar toespraak waarin sy gesê het dat sy mense, dit wil sê vroumense

aanmoedig/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

aanmoedig om by VOW aan te sluit.

MNR. HANEKOM : Het u probleme met u geheue oor wat daar op daardie vergadering gebeur het van 26 Augustus of kan u alles onthou? -- Ek onthou dinge van belang.

Behalwe dat sy gevra het mense moet aansluit by VOW, wat het mev. Matsaneng nog gesê wat van belang was? -- Sy het ook gesê dat die verhoogde huurgelde sal probleme vir die gemeenskap bring en toe verder gesê dat die vroumense sal ook asseblief moet help en aansluit by hierdie organisasie VOW, sodat hulle mekaar behulpsaam kan wees om 'n "bulk buying scheme" te laat werk.

Het sy enigiets gesê oor die oproer in Soweto in 1976? -- Nee, sy het niks gesê aangaande die oproer daar nie.

Het sy iets van 'n optog gepraat? -- Optog?

Ja, dit is die vraag.

HOF : Die vraag is het sy iets van 'n optog gepraat? -- Nee, ek kan nie onthou dat sy van 'n optog gepraat het nie, behalwe dat sy op 'n stadium gesê het as die raadslede nie bedank nie, moet ons hulle winkels boikot.

MNR. HANEKOM : Is sy die eerste spreker wat daarvan gepraat het dat besighede geboikot moes word? -- Sy het nie onmiddellik die tyd genoem nie. Ek het gesê later het sy daarvan melding gemaak.

HOF : By 'n ander geleentheid? -- Ja, daar is 'n ander geleentheid later waar sy gepraat het, dit is toe sy 'n voorstel gemaak het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. FICK: Net voor My Geleerde Vriend aangaan met sy kruisondervraging, wil ek graag na die Hof ophandig die Staat

se/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

se antwoord op die beëdigde verklarings op My Geleerde Vriende se aansoek om borgtog.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Laat ons net duidelik kry, in hierdie eerste toespraak wat mev. Matsaneng gemaak het by die vergadering het sy nie melding gemaak van die raadslede se besighede wat geboikot moet word nie. Is dit reg? -- Nee, sy het nie daarvan gepraat nie.

Het sy oor ꞌn optog gepraat in hierdie eerste toespraak van haar? -- Nee, sy het nie.

Het mev. Matsaneng voor beskuldigde nr. 5 gepraat? -- Ja, voor beskuldigde nr. 5 het sy gepraat.

As u sê sy het nie van ꞌn optog gepraat nie, sê u dat sy dit definitief nie gedoen het nie of is dit moontlik dat u dit nie kan onthou nie? -- Sy het nie van die optog in haar toespraak gepraat nie.

As enigiemand anders getuig dat sy dit wel gedoen het en dat sy ten gunste van die optog was, is dit ꞌn leuen? Ek verwys na volume 161 op bladsy 7 900.

HOF : Ek het natuurlik altyd ꞌn probleem met die aanklaer se noodwendige afleiding dat as iemand anders iets anders gesê het, dit noodwendig ꞌn leuen is. Mense maak partykeer foute wat nie leuens is nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal dit in gedagte hou. Het u geantwoord op die vraag? -- Sover ek kan onthou het sy nie daarvan gepraat nie.

Wat sê u dan nou, kon sy daaroor praat, u is nie seker nie of het sy dit glad nie gesê nie of wat is die posisie? -- Ek kan nie onthou dat sy daarvan gepraat het nie.

HOF : Is dit moontlik of is dit nie moontlik nie? --

Hierdie/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hierdie vraag is moeilik. Ek weet nie wat om te sê nie, want ek kan nie onthou of sy gepraat het of nie. So, ek kan nie sê dat dit moontlik is dat sy gepraat het nie.

MNR. HANEKOM : As sy oor ŉ optog gepraat het, sou dit nie iets van belang wees wat u sou onthou nie? -- As sy daarvan gepraat het is dit iets belangrik. Ek sou dit onthou het. Maar weens die feit dat daar so baie mense was wat gepraat het en wat ook eintlik saamgestem het met die optog, kan ek nie net vir haar alleen onthou dat sy wel daarvan melding gemaak het nie.

Tot op die stadium wat mev. Matsaneng gepraat het vir die eerste keer, was ŉ optog enigsins gemeld op die vergadering deur enige van die sprekers? -- Nee.

Is u daarvan seker of dink u net so of is u nie seker nie? -- As ek terugdink na die dag van hierdie vergadering het niemand van die optog daar gepraat nie alvorens sy daar gepraat het nie.

HOF : Kan jy onthou dat sy gepraat het? -- Ek sê sy het nie daarvan gepraat nie.

MNR. HANEKOM : Wel, ek stel aan u dat beskuldgide nr. 10 het getuig - dit is volume 161 bladsy 7 900 - dat voor mev. Matsaneng gepraat het, is die kwessie van ŉ optog al geopper van die mense uit die gehoor uit en sy het in haar toespraak ook daarna verwys en gesê sy is ten gunste van ŉ optog. Wil u daarop kommentaar lewer? -- Ek het alreeds vroeër in my getuienis vir die Hof gesê dat ek nie myself wil verbind met enigiets aangaande dit nie. Dit wil sê dat ek weet wie gepraat het na wie nie en dat dit die volgorde van die sprekers was. Dieselfde geld hier. Ek kan nie my self verbind en sê dat dit wel vroeër geopper was, hetsy deur die gehoor

of/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

of deur die sprekers nie, die kwessie van die optog, alvorens mev. Matsaneng gepraat het nie. Ek is wel bereid om voor die Hof hier te erken dat daar wel mense was van die gehoor wat hulle siening daar in die vergadering bekend gemaak het.

Bedoel u aangaande ŉ optog? -- Aangaande alles wat in hierdie vergadering bespreek was wat op die einde op besluit was as resolusie van hierdie vergadering.

HOF : Sê u dan nou dat dit moontlik is dat mense oor die optog gepraat het voor mev. Matsaneng of na mev. Matsaneng gepraat het? -- Wat ek erken is dat daar wel mense is wat gepraat het van optog, maar dit was nie voor mev. Matsaneng se toespraak nie en sy het ook glad nie van ŉ optog in haar toespraak gepraat nie.

MNR. HANEKOM : Wat het u gedoen nadat mev. Matsaneng gepraat het? -- Na sy gepraat het, het ek beskuldigde nr. 5 geroep, dit is mnr. Malindi.

Is u seker van daardie volgorde dat u vir beskuldigde nr. 5 geroep het na mev. Matsaneng? -- Ja, ek het mnr. Malindi geroep. Daar was geen reaksie daarop nie, waarna beskuldigde nr. 10 my ingelig het dat hy, beskuldigde nr. 5, nog nie opgedaag het nie. Dit is Malindi.

Het beskuldigde nr. 10 dit self aan u oorgedra of het u vir beskuldigde nr. 10 gevra of hy weet waar beskuldigde nr. 5 is? -- Beskuldigde nr. 10 het my ingelig dat beskuldigde nr. 5 nog nie daar was nie.

Het hy dit vir u op ŉ stukkie papier geskryf of het hy dit vir u gesê? -- Dit het hy aan my gesê.

In u hoofgetuienis het u getuig dat nadat u beskuldigde nr. 5 se naam geroep het en hy nie na vore gekom het nie het u met beskuldgide nr. 10 gaan praat wat beskuldigde

nr. 5/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nr. 5 ken en hy het vir u gesê beskuldigde nr. 5 is nog nie daar nie? -- Sal u dit vir my miskien kan lees?

Ja, ek lees uit volume 170 op bladsy 8 764. "Mr Malindi was also a speaker there. That is accused no. 5. His name was on the list." Dan is die vraag "Did he stand up to speak as soon as you called his name out?" en die antwoord is "What happened is this. I called accused no. 5's name. He did not show up, a a result of which then I spoke to accused no. 10 who knew accused no. 5 and made a report to me that this person, accused no. 5, is not here yet." -- Dit kan ek soos volg verduidelik. Dit was na aanleiding van die gebare wat beskuldigde nr. 10 gemaak het na ek die persoon se naam genoem het wat aan my ŉ aanduiding was dat hy iets wil sê in antwoord hierop. Dus het ek hom genader om vas te stel wat is dit wat hy eintlik aandui, waarop hy toe vir my gesê het mondelings nou dat die persoon nog nie opgedaag het nie.

Het beskuldigde nr. 5 inderdaad die dag later ŉ toespraak gemaak daar? -- Ja, hy het.

Op watter stadium? -- Op die tydstip wat hy daar opgedaag het. Dit is die stadium wat hy toe daar opgetree het as ŉ spreker omdat beskuldigde nr. 10 my van sy teenwoordigheid daar bewus gemaak het.

Op watter stadium was dit wat beskuldigde nr. 5 opgedaag het? -- Voor dit het Masinya sy hand opgelig. Ek het dus ŉ kans aan Masinya verleen om te kom praat.

Het u gesien wanneer beskuldigde nr. 5 daar aankom? -- Ek het nie beskuldigde nr. 5 gesien aankom nie.

Hoe het u geweet beskuldigde nr. 5 het aangekom? -- Beskuldigde nr. 10 het my gesê dat beskuldigde nr. 5

alreeds/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

alreeds opgedaag het.

Was dit terwyl Masinya gepraat het? -- Nee, ek kan nie onthou of dit gebeur het terwyl Masinya gepraat het nie, maar dit was omtrent in daardie stadium dat dit gebeur het.

Wanneer het u vir beskuldigde nr. 5 aan die woord gestel? -- Na Masinya se toespraak of na Masinya gepraat het, het ek beskuldigde nr. 5 te woord gestaan.

Hoeveel keer het Masinya die dag gepraat? -- Twee keer.

Na watter keer het u vir beskuldigde nr. 5 laat praat? Na Masinya se eerste toespraak of sy tweede toespraak? -- Na die eerste keer dat Masinya gepraat het, het beskuldigde nr. 5 die kans gegee om te praat.

Het hy toe sy toespraak gemaak of het u hom net kans gegee om te antwoord op wat Masinya gesê het? -- Nee, na Masinya gepraat het, het beskuldigde nr. 5 ŉ toespraak gemaak.

Is dit moontlik dat beskuldigde nr. 5 nie na Masinya gepraat het nie, maar na mev. Rina Mokoena? -- Sover as wat ek kan onthou het hy sy toespraak gemaak na Masinya gepraat het. Soos ek alreeds vroeër gesê het dat ek nie myself gaan bind met die volgorde van die sprekers nie. Wat ek wel wil doen hier is om die Hof die verhaal te vertel van wat daar plaasgevind het in hierdie vergadering.

Beskuldigde nr. 10 het getuig op bladsy 7 899 van volume 160 dat u beskuldigde nr. 5 aan die woord gestel het om te praat na mev. Rina Mokoena? Wil u kommentaar lewer daarop? -- Nee, dit is nie hoe ek dit onthou nie.

Sê u dit is verkeerd? -- Ek weet nie, want na mev. Rina Mokoena haar toespraak gelewer het, het mev. Matsaneng ook daar gepraat na sy gevra het om vergunning dat sy moet praat. Miskien is dit na aanleiding daarvan wat hy sê dat

beskuldigde/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

beskuldigde nr. 5 gepraat het na mev. Mokoena.

HOF : U bedoel dat hy mev. Mokoena verwar met mev. Matsaneng? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat miskien maak hy ꞌn onderskeid tussen die sprekers wat ek geroep het wat bekend was as sprekers van die vergadering en die mense wat op eie beweging gevra het om toegelaat te word om iets te sê. Dit is hoekom hy sê dat beskuldigde nr. 5 na mev. Mokoena gepraat het wat ꞌn amptelike spreker was.

MNR. HANEKOM : Laat ons handel met beskuldigde nr. 5 se toespraak. Hoe het u hom aan die gehoor voorgestel? -- Wat ek gesê het in voorstelling van beskuldigde nr. 5 is dat mnr. Gcina Malindi gaan nou ꞌn toespraak lewer.

Het u geweet waaroor hy sou praat? -- Ek het nie geweet waaroor hy gaan praat nie.

Wat was die hoofpunte van sy toespraak wat vir u van belang was? -- In sy toespraak het hy gesê hy is bly vir die hou van hierdie vergadering. Die rede daarvoor is omdat hy ouerige persone daar teenwoordig sien. Hy het toe verder gesê dat hy verneem het dat die doel van hierdie vergadering was die stigting van ꞌn komitee vir Gebied 3 wat dan ꞌn bewys is dat daar ꞌn eenheid bestaan tussen die mense. Hy het toe verder gesê dat hy vroeër daardie môre ꞌn vergadering bygewoon het van Evaton Rate Payers Association wat ook ꞌn aanduiding was dat die mense bereid was om bymekaar te kom en hulle probleme te bespreek. In hierdie geval was dit met verwysing na die bespreking van standplase se probleme wat die mense ondervind het.

Het hy melding gemaak van ꞌn ander vergadering? -- Ja, die een van die Rate Payers.

HOF : ꞌn Ander een as die een van die Rate Payers? -- Behalwe

die/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die vergadering van die Rate Payers het hy melding gemaak van ŉ vergadering wat in Gebied 13 was wat op die 25ste gehou was.

MNR. HANEKOM : Wat het hy van daardie vergadering gesê? -- Wat hy gesê het met betrekking tot die vergadering van die 25ste was die volgende. Dat die gemeenskap daar ŉ besluit geneem het dat daar nie werk toe gegaan sal word op die 3de nie en om sy woorde aan te haal "to stay away". Daar was toe ŉ besluit geneem oor die verhoogde huur dat hulle dit nie gaan betaal nie. Hy het verder gesê dat daar ŉ beroep gemaak was in daardie vergadering dat die raadslede van die Stadsraad moet bedank. Hy het toe verder gesê dat gedurende hierdie dag van die wegbly van die werk, die "stay away" gaan hulle "rallies" hou teen die verhoging van huur.

Het beskuldigde nr. 5 enigiets gesê na aanleiding van die besluite wat op die vorige dag se vergadering geneem was? -- Nee, toe hy melding gemaak het van die resolusies wat aanvaar was op die 25ste, is na hy sy toespraak gelewer het. Wat ek kortliks kan sê is dat in opsomming aan die einde van sy toespraak daar het hy gesê dat die raadslede, dit wil sê die lede van die Stadsraad, het mense belowe dat sekere dinge nie sal gebeur nie en sekere dinge deur hulle uitgevoer sal word vir die gemeenskap en hulle het nie daaraan voldoen nie, met die gevolg hulle moet bedank want dit is wat hulle die mense belowe het net voor hulle gekies was om in die raad te dien. Die resolusies waarvan hy melding gemaak het, het hy van melding gemaak na hy sy eie toespraak voltooi het.

Praat u van die resolusies wat op die vorige dag se

vergadering/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

vergadering aangeneem was? -- Ja, ek verwys na die resolusies van die vorige dag se vergadering wat in Gebied 13 gehou was.

Behalwe dat hy die resolusies genoem het, het hy nog iets gesê oor die resolusies? -- Hy het net hierdie resolusies genoem soos hulle is.

Hoekom het hy dit genoem? In watter verband het hy dit genoem? -- Dit het hy genoem om ons, die persone wat daar in die vergadering vergader was in te lig van wat die resolusies was by die vergadering van Gebied 13 aangesien ons ook maar 'n gedeelte van die gemeenskap van daardie omgewing gevorm het.

Het beskuldigde nr. 5 dat op julle vergadering op 26 Augustus die vergadering moet oorweeg om daardie selfde resolusies te aanvaar? -- Wat hy gesê het met betrekking tot die oorweging was dat dit is vir die gemeenskap om hierdie resolusies goed te ontleed.

Die vraag is, het hy voorgestel dat dieselfde resolusies op u vergadering oorweeg moet word vir aanvaarding? -- Ja, hy het melding daarvan gemaak met die oog daarop dat ons dit moet oorweeg.

Wat het hy gesê? -- Sy woorde was soos volg. Dit is die resolusies wat aanvaar was te Gebied 13. So, ons kan ook maar na hierdie resolusies goed kyk.

HOF : Was die gedagte met die voorlegging van die resolusies dat julle moet oorweeg om dit te aanvaar? -- Die gedagte daar toe hy dit aan ons bekend gemaak het was dat ons moet toesien of ons dit nou so aanvaar vir hierdie vergadering, dat ons daardie resolusies aanvaar as ons resolusies of ons kan die resolusies bespreek en voorstelle maak of ons dit mag aanvaar al dan nie. Laat ek die hele ding reg stel. Laat ek dit

nou/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nou op ŉ ander manier regstel. Hy het hierdie resolusies aan ons daar genoem dat ons, die mense wat daar teenwoordig is, dit moet ontleed. As ons miskien van voorneme is dat dit voorgestel moet word, moet ons so maak.

Het u die indruk gekry dat hy ten gunste is of nie ten gunste is van die resolusies wat hy voorhou nie? -- Nee, ek het die gedagte gekry dat hy gee vir ons hierdie resolusies om ons eie besluite te neem wat ons wil doen met hierdie resolusies wat hy aan ons voorgelê het.

MNR. HANEKOM : Het hy enigsins voorgestel dat die vergadering moet oorweeg om die resolusies te aanvaar? -- Nee.

HOF : Waar woon beskuldigde nr. 5? -- Gebied 13.

So, hy kon nie voorstelle maak op hierdie vergadering nie? -- Nee, dit is eintlik nie so nie. Ons vergaderings het geen beswaar teen ander persone wat enigiets te sê het wat betrekking het op die gemeenskap van Sebokeng nie. Met ander woorde, wat geld vir Sebokeng as geheel kan enige persoon oor praat by enige vergadering in Sebokeng se wyk.

Ek het nie gepraat oor praat nie. Ek het gepraat oor ŉ voorstel maak, ŉ "resolution" voorlê? -- Ja, hy het die reg.

MNR. HANEKOM : Dit is aan getuie Mahlatsi gestel in volume 43 op bladsy 2 062. Die vraag was so "Well, did he not say (dit is beskuldigde nr. 5) that these resolutions were taken at this meeting and I am putting them forward at this meeting for the meeting's consideration." Dan gaan dit aan "I had been to this meeting and these were the resolutions that were taken and this is what I suggest we should consider to adopt at this meeting." Is dit verkeerd? -- Daar is geen fout daarmee nie. Ek het alreeds self gesê dat hy hierdie

resolusies/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

resolusies daar vir ons genoem het om te oorweeg. Dat hy nou voorgestel het dat ons hierdie resolusies moet aanvaar soos dit is daar, het ek nie gehoor nie, maar as dit so gestel was soos u dit nou aan my gestel het, is daar nie ŉ manier waarop ek kan sê dat ek nie daarmee saamstem nie.

Dan stem u daarmee saam? -- Ja, dit is volgens hoe dit geskryf staan op die rekord.

Ja, maar ek stel nie belang of u daarmee saamstem of dit op die rekord geskryf staan nie. Dit kan ek self lees. Ek wil van u weet, stem u saam dat dit korrek is "I suggest we adopt the resolutions" dat beskuldigde nr. 5 dit gesê het? -- Nee, ek stem saam met hierdie gedeelte waar hy gesê het ons moet dit oorweeg.

Ek het u nie dit gevra nie. Moenie my vrae ontwyk nie. Stem u saam of stem u nie saam nie dat hy gesê het "I consider - I suggest we adopt the resolutions"? --Nee, ek stem nie saam nie.

MNR. HANEKOM : Toe die stelling aan die getuie Mahlatsi gemaak was, het u op daardie stadium ook nie saamgestem nie? -- Ja, kortliks het ek nie saamgestem nie. Ek het wel saamgestem daarmee dat hy gesê het ons moet dit oorweeg.

Het u dit aan u regsverteenwoordigers oorgedra dat u nie heeltemal saamstem met die stelling nie? -- Nee, ek het nie so ŉ instruksie gegee nie.

Waarom nie? -- Omdat ek besef het dat beskuldigde nr. 5 het instruksies gegee.

MR BIZOS : To shorten the proceedings accused no. 5's evidence will be that what I put was correct.

MNR. HANEKOM : Het daar enigiets gebeur aan die einde van beskuldigde nr. 5 se toespraak? -- Ja, daar was vrae gevra.

Kan/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Kan u onthou wat se vrae? -- Voor dit was daar ander mense gewees wat voorstelle gemaak het.

Wat het gebeur onmiddellik na beskuldigde nr. 5 klaar gepraat het? -- Nee, ek het nog nie ŉ antwoord op die vraag nie.

Het mev. Matsaneng op daardie stadium weer opgestaan? -- Ja, sy het weer opgestaan.

Op watter stadium? -- Na beskuldigde nr. 5 se toespraak.

Onmiddellik na hom? -- Ja, sover ek kan onthou onmiddellik na hom.

Wat het sy gesê? -- Sy het gesê dat sy verkies dat daar ŉ "stay away" moet wees.

Waarom het u dit nie vir die Hof gesê toe ek u gevra het wat gebeur het na beskuldigde nr. 5 se toespraak nie? -- Ja, die vraag was wat het gebeur na beskuldigde nr. 5 sy toespraak gelewer het. Ek het eers gesê ek verstaan nie die vraag nie, hoekom so ŉ vraag gestel en wat die vraag eintlik wil hê nie. Ek het toe gesê daar is van die mense wat vrae gevra het en van hulle het voorstelle gemaak. Dit is omdat ek nie geweet het dat u spesifiek oor mev. Matsaneng gevra het nie.

Behalwe mev. Matsaneng wat op daardie stadium gepraat het, het enigiemand uit die gehoor vrae gevra na aanleiding daarvan? -- Ja, mnr. Maruping het toe opgestaan. Hy het nie saamgestem met hierdie "stay away" dat dit net ŉ "stay away" moet wees nie. In plaas daarvan dat dit ŉ "stay away" moet wees sonder enigiets wat gedoen word, het hy voorgestel dat daar ŉ optog gevorm moet word wat dan die griewe na Houtkop toe moet neem om dit daar te gaan voorlê. Volgens hom sou die "rally" niks gehelp het nie.

Het/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Het nog iemand vrae gevra in daardie verband? -- Masinya het vrae gevra.

Op watter stadium? -- Na die melding van die opgog het Masinya toe gepraat.

Wat het Masinya gesê? -- Masinya se vraag was wat sal gebeur as die broodwinners van die gesinne gearresteer word. Dit wil sê terwyl die optog aan die gang is.

Het enigiemand hom geantwoord? -- Ja, die ou man, Sam Matlole, beskuldigde nr. 17.

Was beskuldigde nr. 17 die enigste een wat hom geantwoord het? --Nee, hy was nie die enigste een nie.

Wie het nog geantwoord? -- Daar is nog ŉ ander persoon wat daarop geantwoord het, Sichabeng is sy naam. Verskoon my Sichabeng is eintlik tussen die gemeenskap. Dit is nie ŉ persoon se naam nie. Van tussen die gemeenskap het iemand geantwoord.

HOF : Het die persoon ŉ naam? -- Ek kan nie die persoon se naam onthou nie.

MNR. HANEKOM : Hoe het dit gekom dat die persoon antwoord? -- Die persoon het gevra dat hy of sy moet antwoord.

Het die persoon self gevra om te antwoord? -- Ja, die persoon het self gevra.

HOF : Is dit ŉ man of ŉ vrou? -- Dit is ŉ manspersoon.

MNR. HANEKOM : Het jy self enigiemand gevra om te antwoord op die vraag? -- Nee, ek het niemand gevra om op die vraag te antwoord nie.

Is u seker daarvan? -- Ek glo nie ek het iemand gevra om daarop te antwoord nie.

K536 Kan u inderdaad nie onthou wat gebeur het nie? -- Dit is nie alles wat ek kan onthou nie, maar op die vraag het

mnr. Malindi/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

mnr. Malindi ook geantwoord.

Het u beskuldigde nr. 5 gevra om daarop te antwoord? -- Ek kan nie onthou dat ek hom gevra het nie.

Kan u onthou wat beskuldigde nr. 5 geantwoord het? -- Ja, ek onthou dit.

Wat het hy geantwoord? -- Sy antwoord op die vraag was as ons ooreenkom oor hierdie optog dan is dit nie nodig dat ons moet skrik dat ons gearresteer gaan word nie, want as ons nou van plan is om hierdie optog te laat gaan, dan sal ons dit so moet reël dat dit 'n kalm een moet wees sonder probleme. Dit moet 'n vredesoptog wees. Op daardie manier sal die polisie ons ook nie sommer so kan arresteer nie terwyl ons deelneem aan die optog en net daar beweeg op pad na 'n sekere punt toe en vernaam as ons vir hulle gesê ons gaan iewers heen nie, want hulle sal ook eers vra waarheen ons op pad is.

Waarom het u dit glad nie in u hoofgetuienis gemeld dat beskuldigde nr. 5 op Masinya se vraag geantwoord het en hierdie relaas gegee het nie? -- Dit is omdat soos ek alreeds gesê het dat daar baie persone is wat op hierdie vraag gereageer het. Ek het alreeds gesê beskuldigde nr. 17 het ook op die vraag geantwoord. Van tussen die gehoor was daar iemand gewees wat ook dit verder gevoer het.

<u>HOF</u> : Op welke manier? -- Deur te sê dat in 'n optog as die polisie julle voorkeer sal hulle vra waarheen julle op pad is. Hulle sal nie sommer so optree nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Nou vra ek weer, hoekom het u in u hoofgetuienis net melding gemaak van beskuldigde nr. 17 wat geantwoord het op mnr. Masinya se vraag? Ek verwys na bladsy 8 771 in volume 170. -- Die rede daarvoor is dat

ek/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ek het beskuldigde nr. 17 se woorde wat hy gebruik het daar onthou toe ek gister daarvan gepraat het, maar indien nodig sal ek byvoorbeeld vir u kan sê dat elke vraag wat gevra was beantwoord deur verskillende persone met verskillende antwoorde. Met dit sou ek dan nie in staat gewees het om 'n lys te maak van al die persone wat die vrae beantwoord het daar nie.

Is u getuienis, verstaan ek u reg, dat toe u u hoofgetuienis gegee het het u net onthou wat beskuldigde nr. 17 geantwoord het, maar u kon nie toe onthou van wat beskuldigde nr. 5 en die ander mense geantwoord het nie? -- In antwoord op hierdie vraag sal ek sê dit is reg, ek het beskuldigde nr. 17 se woorde onthou waar hy die vraag geantwoord het. Ek kon nie almal se antwoorde onthou nie.

U kon ook nie beskuldigde nr. 5 se antwoord onthou nie? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat ek het daardie vraag geantwoord met die antwoord wat beskuldigde nr. 17 gegee het op daardie vraag.

Die vraag is tog eenvoudig. Waarom het u dan net melding daarvan dat beskuldigde nr. 17 die vraag geantwoord het. Hoekom het u nie vir die Hof gesê beskuldigde nr. 5 en van die ander mense het dit ook gedoen soos wat u nou gedoen het nie? -- Dit is reg dat ek geantwoord het met beskuldigde nr. 17 se antwoord op die vraag en nie melding gemaak het van die ander mense wat geantwoord het nie, maar ek het dit al vroeër duidelik gemaak in die Hof dat die mense was almal toegelaat om deel te neem daar.

HOF : U antwoord nie nou die vraag nie. -- Eintlik sal ek sê ek het gevind dat as ek die antwoord van beskuldigde nr. 17 gegee het dan is dit genoeg.

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. HANEKOM : Is daar ander aspekte van u getuienis ook waar u besluit het u gaan net die Hof vertel wat u dink nodig is en ander dele uitlaat?

MR BIZOS : My Lord, if My Learned Friend is finished with that point, I do not want to interrupt earlier on. According to our notes he did not give - he was cut short not to again give us the Biblical Gideon example and immediately thereafter another question was asked when he cut short his answer of what accused no. 17 said. A question was asked of him in relation to something else. I did not want to say it before My Learned Friend exhausted the point, but on the assumption that he has, I thought that I would bring it to Your Lordship's attention.

MNR. HANEKOM : Net met respek, in die oorkonde is die vraag "Did anyone respond?" en die antwoord was "Yes, the old man Matlole." So, hy was nie daar kortgesny nie.

HOF : Ja, goed, u het nou u antwoord.

MNR. HANEKOM : Wat was beskuldigde nr. 17 se antwoord? -- Sy antwoord op die vraag was as ons ooreengekom het dat ons 'n optog gaan maak, dan hoef ons nie vir die polisie te skrik nie, want die polisie vang nie sommer so nie, sonder dat jy iets verkeerd gedoen het. Daarna het hy toe 'n aanhaling uit die Bybel gemaak waar die Here met Gideon gepraat het.

Ek wil nie dit weet nie. Het beskuldigde nr. 17 enigiets gesê oor lafaards? Het hy enigiets in sy antwoord gesê van lafaards? -- Oor lafaards?

HOF : Ja, in Engels is dit "cowards"? -- Ja, waar hy aangehaal het in die Bybel is daar 'n plek waar daar melding gemaak word van lafaards. Ek het dus toe nie daardie

aanhaling/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

aanhaling van hom so goed gevolg toe hy dit aangehaal het uit die Bybel nie, want dit was die eerste keer dat ek daarvan hoor toe hy dit genoem het.

Miskien het hy dit verkeerd aangehaal? -- Nee, dit is nie so nie. Dit is net ek wat nog nie daardie hoofstuk gelees het waarvan hy gepraat het nie.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 17 gesê die mense moenie lafaards wees nie, hulle moet wel deelneem aan die optog op 3 September? -- Nee, ek het hom nie gehoor dit so stel nie. Of ek kan liewers sê ek kan nie onthou dat hydit so gestel het nie.

Is dit moontlik? -- Ja, dit is moontlik.

In volume 13 op bladsy 637 is dit aan die getuie Masinya gestel dat beskuldigde nr. 17 gesê het die mense moenie lafaards wees nie en hulle moet deelneem aan die optog op 3 September. -- Ek ontken dit nie.

Oor die kwessie van of u iemand gevra het om op die vraag te antwoord of nie, het beskuldigde nr. 10 getuig in volume 160 op bladsy 7 892 dat u as voorsitter het vir 'n vrywillige gevra om op Masinya se vraag te antwoord? -- Nee, al wat ek onthou is dat ek toegelaat het vir 'n persoon wat daarop kan antwoord waar ek nou opgetree het as 'n voorsitter.

Het u nie 'n vrywilliger gevra om te antwoord nie? -- Dit kan miskien wees dat ek gesê het enigiemand kan antwoord maar ek het nie spesifiek 'n persoon uitgewys nie. Dit wil sê in die algemeen dit so gestel.

Dit was mos 'n baie ernstige vraag wat daar geopper is. Waarom sou u 'n vrywilliger vra om te antwoord? Waarom sou u nie self of iemand in beheer van die VCA op so 'n vraag

antwoord/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

antwoord nie? -- Die vergadering was bedoel vir die inwoners. Soos ek al vroeër gesê het, elkeen daar teenwoordig was toegelaat om enigiets te doen, dit beteken vrae te vra, vrae te antwoord net soos hulle dit verkies.

Dit antwoord nie die vraag nie. Die vraag is sou u toelaat dat ŉ of ŉ vrywilliger vra om op so ŉ gewigtige vraag te antwoord? -- Ja, ek het dit toegelaat.

Sê u nou u het dit toegelaat of kan u nie onthou nie? -- Ek sê ek het enigeen toegelaat wat ŉ vraag wou geantwoord het daar.

HOF : Terwyl ons met die baie ernstige vraag besig is, mnr. Hanekom, ek is van mening dat dit van belang gaan wees om die presiese bewoording te hê van die verbod op vergaderings wat op daardie tyd van krag was. As u of mnr. Bizos nie stappe doen om dit aan die Hof voor te lê nie, sal ons aan die einde van die saak in ieder geval dit in die hande kry en dit sal gedebatteer word. Dit is miskien raadsaam dat dit so gou as moontlik voor die Hof kom sodat dit met die getuies behandel kan word, as daar iets in staan.

MNR. HANEKOM : Soos dit die Hof behaag. Het daar aan die einde van beskuldigde nr. 5 se toespraak nog enige ander persoon opgestaan wat ŉ vraag gevra het oor enige ander onderwerp? -- Ja, daar was iemand wat ŉ vraag gevra het.

Wat was die vraag? -- ŉ Huurmotoreienaar het die vraag gevra. Die vraag was soos dit gewoonlik gebeur dat voertuie op dae soos hierdie van die "stay away" met klippe bestook word, wat verwag ons wat sal die toestand wees, want sy bekommerdheid was oor hulle huurmotors wat hy gedink het met klippe bestook sal word.

Het enigiemand die man geantwoord? -- Ja, beskuldigde

nr. 5/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nr. 5.

Wat was sy antwoord? -- In antwoord het beskuldigde nr. 5 gesê hy kan nie onthou dat daar ooit dit gebeur het in Sebokeng dat daar klippe gegooi was nie, vernaam klippe wat na huurmotors gegooi word. Hy het toe verder gesê as ons ooreengekom het dat daar ŉ "stay away" moet wees die dag, is dit vir ons om toe te sien dat dit met vrede gedoen word. Hy het toe verder gesê as ons ooreengekom het kan dit altyd oorgedra word aan die VCA dat hulle moet toesien dat die "stay away" ŉ vredes een is. Hy het toe verder gesê die beeste raad wat hy kan gee is as ons ooreengekom het dat daar ŉ "stay away" gaan wees die dag, moet hy toesien dat sy huurmotor nie die betrokke dag opereer nie. Hy het toe verder gesê dat as ons ooreengekom het kan ŉ versoek aan die leiers van die VCA gerig word om die ander huurmotor-eienaars ook in kennis te stel van wat hier voorgestel is na aanleiding van ons besluit oor die dag.

Het VCA op daardie stadium al enigsins beplan oor hoe voorsorg getref sal word dat busse en taxi's aangeval word op 3 September? -- Nee, daar was nog nie ŉ voorbereiding nie.

Was daar daarna na die vergadering of op die vergadering self enige voorbereiding deur VCA om so ŉ insident te verhoed? -- Om dit te verhoed in die vergadering?

HOF : Die vraag is of daar in die vergadering enige stappe bespreek is om ŉ insident te verhoed van klipgooiery later by die optog of by die "stay away" en wel of dit later ook enige voorbereiding getref is om klipgooi-insidente te verhoed? -- Dit was eers na die vergadering bespreek.

MNR. HANEKOM : Wanneer? -- In hierdie vergadering was

daar/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

daar 'n gesprek gewees dat die VCA se leiers sal moet toesien dat daar 'n veiligheidsbeplanning is vir die huurmotors.

Laat ons dit net eers kry, van watter vergadering praat u? By watter geleentheid is dit? -- In dieselfde vergadering van die 26ste. Beskuldigde nr. 5 het dit duidelik gemaak dat as ons die lede van die gemeenskap wat gaan tuis bly ons self goed gedra, iets soos hierdie naamlik die klipgooiery sal nie kan plaasvind nie. Soos ek alreeds vroeër gesê het dat hy verder gesê het hy weet nie van so 'n geval wat in Sebokeng al vantevore plaasgevind het nie.

Die vraag was het die VCA enige voorsorg getref waarop beskuldigde nr. 5 geantwoord het? -- Dan verstaan ek nie mooi wat die vraag is nie.

HOF : Die vraag is eenvoudig. Dit is het die VCA op enige stadium enige voorsorg getref teen insidente van klipgooiery? -- In daardie vergadering in wat daar gesê was, het ek ook die volgende gesê dat dit in die voordeel van ons die mense sal wees dat ons moet sorg dat sulke dinge nie moet plaasvind nie. Dit was my "appeal".

Afgesien daarvan dat u 'n beroep gedoen het op die vergadering is daar na die vergadering enige voorsorgmaatreëls getref te enige tyd. Sê net ja of nee? -- Sonder om 'n beroep te maak, daar is geen ander reëlings wat 'n mens kon tref in 'n saal nie.

Is die antwoord nou nee? -- Later was daar briewe geskryf aan die huurmotors dat hulle nie hierdie dag moet opereer nie, maar dit was nie in die vergadering gewees nie. Hulle was net gevra.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Deur wie? -- Ek sal sê deur die VCA, want sulke briewe was geskryf deur Esau Raditsela.

HOF/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF : Enigiets verder of is dit nou al? Behalwe die gesprek op die vergadering, die briewe wat later geskryf is is dit al stappe wat geneem is om te verhoed dat daar klip-gooi-insidente sal wees? -- Ja, wat die huurmotors betref.

MR BIZOS : In case Your Lordship has any spare time between now until we re-assemble, I would like to inform the Court and My Learned Friends that the next witness is going to be Mr Ramakgula, accused no. 9.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 18 FEBRUARIE 1987.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.